# JAARVERSLAG: Piet Grové
# PRESIDENT, SA Boerperd Telersgenootskap: 2013/14
## 21 November 2014

This report is available in English

**INLEIDEND**

Die afgelope twee jaar was vir my persoonlik, sowel as president van die SA Boerperd Telersgenootskap weereens ŉ leer- en groeiproses. Daar was kontinuïteit en eenheid in die Raad, aangesien daar met die uitsondering van die nuut verkose David de Wet, min skommeling van Raadslede was. Die gevolg was dat almal reeds tuis was in hulle portefeuljes wat dan ook minimaal verander het en kon voortbou op die vorige jaar se werk. In hierdie atmosfeer was dit dan ook moontlik om sake meer krities te benader en sterker te fokus op die toepassing en implementering van besluite soos geneem op vorige AJV's.

Die dagbestuur was ook onveranderd en het bestaan uit myself, Frikkie Combrink (vise-president), Jan Joubert en Heleen Pope. Noukeurige notules t.o.v. Dagbestuursbesluite en vergaderings is pligsgetrou deur Me. Pope bygehou en aan elke Raadsvergadering voorgelê vir goedkeuring. In die nuutste notules van Raadsvergaderings, is dit dan ook daarby ingesluit. Deur die jaar is lede deurlopend in die Nuusbriewe na elke Raadsvergadering op hoogte gebring van belangrike en relevante sake wat tydens Raadsvergaderings bespreek is. My ondervinding is dat daar baie lede is wat <u>nie</u> die Nuusbriewe noukeurig lees nie en dat ons daarna onnodige klagtes ontvang het van sake wat alreeds uitgeklaar is. Die Nuusbriewe is juis om daardie rede ook in Engels beskikbaar.

**NAVORSING**

In 2012 het die Raad (o.l.v. Mnr. Burger) besluit om Me. Mansfield te steun in haar navorsing rakende die beweging van die SA Boerperd deur haar te help met die aankoop van toerusting. In haar navorsing pas sy ŉ reeds bestaande navorsingsmodel op die SA Boerperd toe om die beweging spesifiek t.o.v. die draf te analiseer en met bouvorm te vergelyk. In 2013 het ons haar dan ook gesien waar sy by die Sentrale Hings-keuring, sowel as tydens die Nasionale Kampioenskappe data bymekaar gemaak het vir haar navorsing. In samewerking met Me. Mansfield, het Me. Whitehead dan ook ŉ uitstekende artikel in die HQ getiteld <u>*Performance Analyses*</u> (Maart 2013, Pp.50 – 53), gepubliseer – dit is ook op die web-blad beskikbaar. Me. Mansfield stem dan ook saam dat alle ander toekomstige artikels met inhoudelike substansie in die toekoms op ons web-blad geplaas te word. Volgens standaard universiteitsprosedures, behoort elke *verhandeling* saam met ŉ artikel vir plasing in *ŉ akademies geakkrediteerde navorsingstydskrif* ingehandig te word. Dit is van groot belang vir ons ras dat sodanige artikel, sowel as die volledige studie op ons web-blad beskikbaar sal wees vir die verbetering van ons kennis, asook vir die samestelling en verbetering van ons eie opleidingsmateriaal. Uit die aard van haar studie, is Me. Mansfield ook bereid om haar beeldmateriaal aan ons beskikbaar te stel. Sy is tans besig om haar statistiese inligting te verwerk en behoort deur die loop van 2015 haar studie te voltooi.

**SA STAMBOEK & ADMINISTRASIE**

Dit blyk ŉ tendens te wees dat SA Stamboek van tyd tot tyd agterstallig raak met hulle administrasie. Dit word egter gereeld opgevolg. Ons het dan ook herhaaldelik versoek dat lede self die aantekening van vullens, asook die PENDING statusse sal monitor. Teen die tyd is dit al ou nuus dat alle administrasie t.o.v. ŉ teler se kudde vrylik op *Logix* beskikbaar is. Daar is dus geen verskoning vir DNSe of PENDING statusse wat nie reggestel kan word nie. Daar word nou selfs op *Logix* ŉ verduideliking gegee vir die rede vir ŉ PENDING status en dit kan deur ŉ e-pos aan die kantoor te stuur, reggestel word. Ons het ook aan die begin van die vorige dekseisoen (Desember 2013) inligting aan u deurgegee wat u in staat gestel het om u eie vullens dadelik self op *Logix* aan te teken. Elke stoet kies sy eie wagwoord en kan dan so ook hulle persoonlike besonderhede op *Logix* byhou. In die jaar 2014 behoort die meerderheid van ons lede al vaardig te wees op die rekenaarskerm. Vir die ouer telers, is ons egter bereid om nog in te staan en die dienste soos in die verlede te lewer.

Die toetse vir CEM behoort nou tot 'n einde te kom vir aktiewe hingste wat reeds een keer getoets is. Ons sal u soos altyd, d.m.v. die nuusbrief op hoogte hou van die nuutste verwikkelinge in die verband. Tot en met hierdie verslag was die vereistes egter nog dat 'n hings minstens TWEE keer getoets moes gewees het. Julle sal op hoogte gehou word.

Die uitbraak van Slapsiekte (*Dourine)* by sommige kuddes, was 'n groot slag vir ons ras waarin ons baie waardevolle perde verloor het. Daarom wil ek u graag betyds maan om veearts sertifikate aan te vra vir alle merries wat na u gebring word vir dekkings.

**FINANSIES**

Uit die verslag van Jan Joubert sal u duidelik kan aflei dat die *kontant – tot 30 dae* betalingsbeginsel gedurende die afgelope jaar begin het om vrugte af te werp. Die genootskap se finansies lyk tans baie goed. Dit is daarom sinvol om in die toekoms voort te gaan met hierdie stelsel. Persone wat probleme in die verband ondervind, is egter steeds welkom om die kantoor te skakel om reëlings te tref om agterstallige skuld af te betaal sonder dat dienste opgeskort word.

Die vorige twee jaar (2012 & 2013) kon ons nie 'n borg bekom vir die Nasionale skou nie met die gevolg dat die Nasionale Skou 2013 op 'n verlies uitgeloop het. Die AJV 2013 het egter steeds gestem dat die Nasionale skou weereens in Parys gehou sal word en dat daar addisionele gelde van die vertoners verhaal kon word indien dit op 'n agterskot sou eindig. Dit is egter met groot verligting dat ons wel nou kan bevestig dat die Nasionale Skou van 2014 toe nie teen 'n verlies aangebied is nie. Baie dankie aan die Skou-komitee vir hulle goeie werk in die verband.

Meer oor finansies in die verslag van Mnr. Jan Joubert.

**OPLEIDING EN KURSUSSE**

Hierdie portefeulje is gedurende die afgelope jaar deur Frikkie Combrink gevul. Die volgende kursusse het plaasgevind:

1. Februarie 2014: Keuring- en keurders opknappingskursus, Edenville – Lomon Terreblanche; Dirk Odendaal; Johannes Langenhoven.
2. Maart 2014: Bouvorm, skou-etiket & administrasie – Frikkie Combrink & Theunis Pretorius: Namibiese SA Boerperd Klub.
3. April 2014: Skou van in-hand klasse – Leon Botha, Hoëveld SA Boerperd Klub;
4. Junie 2014: 3- en 5 gang: Piet Uys; Skou-etiket – Elmi Davel;
5. Augustus 2014: Bosberaad vir SA Boerperd Beoordelaars, Parys;

Baie dankie aan ons klubs wat dan ook onder andere die aanbieders was vir hierdie opleidingskursusse.

**KEURING & KEURDERS**

Na aanleiding van bogenoemde kursusse, is 6 nuwe keurders in 2014 aangestel, naamlik:

- Sarita Meiring
- Frikkie Combrink
- Pieter Terreblanche
- Elmarie Davel
- Nic Jooste
- Frans Burger.

Soos hierbo gesien, was die eerste keuring- en keurders opknappingskursus gehou op Lomon Terreblanche se plaas in Edenville. 'n Hereksamen is toegestaan aan die kandidate wat tydens daardie evaluering slegs 'n paar punte gekort het om te voldoen aan die hoë slaagvereistes soos deur die Raad bepaal. Hierdie slaagvereistes is duidelik in die Nuusbrief (Maart 2014) aan u deurgegee. Die herevaluering het plaasgevind te Loch Vaal, Vanderbijlpark gedurende Augustus 2014. Baie dankie aan Dirk Odendaal vir die herstrukturering van die assesseringsprosedures vir keurders deur die jaar.

**SAEF**

Die bedrywighede van die SAEF was gedurende die laaste twee jaar vir almal ietwat verwarrend. In 2012/13 is besluit om die hele organisasie te herstruktureer volgens dissiplines, maar tans word die struktuur weereens geherorganiseer na streeksgedrewe aktiwiteite. Die besluit moes al 4 jaar gelede geïmplementeer gewees het, maar die organiseerders van die SAEF het nie daaraan gehoor gegee nie. Perdesport as erkende sportsoort het dus 'n sperdatum gekry waarbinne hulle hierdie strukture moet orden. Perdesport gaan voortaan deur die SAEF soos alle ander sportsoorte bestuur word. Die voormalige "assosiasies" (bv. SASA, SASJ, EQSA, ens.) is nou weer saamgegroepeer in 'n tegniese komitee wat aan die SAEF rapporteer om die verskillende dissiplines se reëls en regulasies vas te lê. Slegs met SASCOC se goedkeuring, kan ruiters internasionaal deelneem om Protea kleure te kry. Alles werk dus presies dieselfde as in al die ander sportsoorte en perdesport is nie meer gefragmenteer in afsonderlike dissiplines nie.

Dit is onafwendbaar dat SASCOC uiteindelik d.m.v. die provinsiale strukture ook die ontwikkeling t.o.v. perdesport m.b.t. kleur, sowel as geslag sal wil teweeg bring (*score card*), soos dan ook in ander sportsoorte die geval is. Dit is daarom belangrik om AL ons ruiters, wit & swart, volledig met hulle korrekte name, vanne en IDs vir ons SA Boerperd Kampioenskappe in sal skryf om sodoende die korrekte beeld m.b.t. deelname van kleur en geslag in die Genootskap te reflekteer. Ons nuwe skouprogram is dan ook geprogrammeer om hierdie inligting te stoor. Tot die begin van 2015, is ons nou in 'n interim periode waar klubs by streke soos deur wetgewing geografies bepaal, inskakel. Pro-rata fooie word gehef word vir deelname in oop / gegradeerde skoue. Dit is nou nie meer nodig weer by elke dissipline afsonderlik te registreer nie. Perde en ruiters moet as kombinasie of afsonderlik by die SAEF registreer. Alle dokumentasie is beskikbaar op die internet. Daar word egter steeds vereis dat ruiters eerstens by 'n SAEF geaffilieerde *klub* moet registreer wat dan aan hulle 'n klub-nommer sal uitreik as bewys om te gebruik vir SAEF registrasie.

**SANESA**

Die uitslae by die afgelope SANESA Nasionale Kampioenskap het weereens bewys dat ons perde en ruiters van top gehalte het wat bemarking namens ons almal doen. In die Hoërskool afdeling is 20% SA Boerperde (met hulle knap ruiters) onder die Top 20 waar alle SANESA dissiplines, i.e. *Core League, Western Riding, Western Mounted Games* en *Eventing* in berekening gebring is. In Laerskole 5%. Deelname aan SANESA skoue is harde werk. Ons as SA Boerperd telers is baie dank verskuldig aan hierdie perde en top ruiters wat die SA Boerperd namens ons almal op hierdie platvorm bemark. Ek maak graag 'n spesiale vermelding van Mia Joubert wat die Victrix Ludorm in die Hoërskool Top 20 gewen het en Kristin Joubert wat tweede was. Baie dankie aan Jan Joubert wat ons op hoogte hou van ons SA Boerperde se prestasies in die verband. Dit is goed om te weet dat daar iemand vanuit ons eie geledere is wat ook daar na ons belange kan omsien. Ons kan dit gerus oorweeg om in 2015 'n bymekaarkomplek en ondersteuningsnetwerk vir jong SA Boerperd Ruiters tydens die SANESA Nasionale Kampioenskappe in te rig.

As ons kyk na die uitslae van die SANESA Nasionale Kampioenskappe, is daar in elke dissipline en op elke vlak SA Boerperde. Ruiters wat hier besonder presteer het, kry dan ook spesiale toekoennings by die SA Boerperd Telersgenootskap, soos Me. Pope se verslag dan ook sal weerspieël. Ons het dit dan ook met julle gedeel op *Facebook* soos dit gebeur het.

**SA BOERPERD STREEKKAMPIOENSKAPPE**

Gedurende die jaar het ons die gewone Streekkampioenskappe gehad waar die Skou-komitee, o.l.v. Me. Pope deurgaans oorkoepelend en in raadgewende hoedanigheid opgetree het.

Die benamings van skou-klasse, sowel as minimum klasse vir streekkampioenskappe was reeds al in 2013 in plek. Daar was slegs probleme by streekkampioenskappe waar daar van die gestelde norm en klasbeskrywings afgewyk is, aangesien die sentrale puntestelsel berus op spesifieke klasse. Die organiseerders van elke skou het wel die vryheid om hulle eie "pret-klasse" addisioneel in te sluit, maar die klasse waar stoet-, vertoner- en ruiter punte by betrokke is, is vasgestel en beskikbaar op die web-blad.

Waar kompetisie by betrokke is, is daar noodwendig ook konfliksituasies. Die betrokke organiseerders van skoue was deurgaans verantwoordelik vir die nougesette toepassing van skou-reëls, asook die etiek wat daarmee

gepaard gaan. As ons met die wêreld daar buite wil kompeteer, is dit noodsaaklik dat ons ons huis ordelik sal bestuur en dat vertoners/eienaars verantwoordelikheid sal aanvaar vir hulle perde, toerusting, praktyke en optrede tydens skoue. As 'n mens immers niks het om weg te steek nie, is dit nie nodig om die organiseerders van inspeksies te weerhou nie. Geen dinamiese organisasie het geen groeipyne nie. In gevalle waar daar onduidelikhede of grys areas opgetel is, het ons probeer om die aan te spreek en duideliker te formuleer. Daar is ongelukkig individue wat altyd juis hierdie grys areas tot hulle voordeel misbruik, al weet hulle van beter.

Die getalle m.b.t. die SA Boerperd streekkampioenskappe, sowel as HOY is redelik stabiel en voorspelbaar al wonder die organiseerders elke jaar voor die tyd hoeveel perde gaan opdaag. Baie dankie aan al ons klubs vir die aanbieding van die skoue asook die addisionele geleenthede wat aan ruiters gebied word om punte in te samel.

Die *Horse of the Year* skou by KEP is vanaf 2015 nou ook 'n amptelike SA Boerperd Kampioenskap waar punte verdien kan word. Hierdie skou is jaarliks 'n vertoonvenster van die top Universele perde in ons ras. Dit was dan ook tot 2013 die enigste skou waar ons op 'n gelyke vlak kon meeding met perde van ander rasse, asook waar daar ook 'n spesiale amptelike afdeling vir die SA Boerperd ingesluit is. Baie dankie aan Heleen Pope wat sorg dat hierdie skou 'n jaarlikse instelling is.

**SA BOERPERD NASIONALE KAMPIOENSKAPPE**

Nadat die versoeke van die onderskeie streke ontvang is om die oorspronklike skou-datums te vervroeg, moes die Nasionale Kampioenskappe in 'n rekord tyd gereël word. Ek wil egter vir Me. Pope en haar span wat nagte deur gewerk het om alles betyds in plek te kry, geluk wens met dit wat hulle vermag het onder groot druk. Twee verskillende rekenaarprogramme is tegelyk gebruik om inskrywings en uitslae te prosesseer. Om hierdie aksie te koördineer was al opsigself 'n reuse werk wat dubbel so lank as gewoonlik geneem het. Die positiewe daaruit is egter dat ons nou van 2015 af kan begin om op dieselfde stelsel as die waarmee SANESA tans werk, in te skryf. Die stelsel stel 'n vertoner in staat om sy inskrywings na te gaan en te verander tot op die gestelde sperdatum. Daar is geen inligting wat van een vorm na 'n ander oorgedra hoef te word nie – dus is die kans op foute wat kan insluip heelwat minder. Kruisinskrywings word dan ook outomaties geblok en hoef nie apart deur 'n persoon hanteer te word nie. Dit word bloot 'n kwessie van rekenaarprogrammering. Die program word op die internet bedryf en ons hoop om persone in elke streek op te lei om die taak te kan verrig. Skouprogramme, klastye, ens. word dan ook self deur korrekte programmering gegenereer.

Die Tradisionele klasse is slegs deur SA Boerperd beoordelaars (Lomon Terreblanche; Theunis Pretorius; Sias Horn) hanteer, soos voorheen versoek en deur die onderskeie streke genomineer. Die Universele bouvorm klasse is deur 'n enkele SA Boerperd beoordelaar, nl. Pieter Terreblanche, hanteer. Baie dankie aan al die beoordelaars, asook Bev Williamson wat hulle puik van hulle taak gekwyt het.

**SA NASIONALE VOLWASSE SKOU-KAMPIOENSKAPPE *(SA ADULT NATIONAL SHOWING CHAMPIONSHIPS)***

VANAF 10 – 16 November 2014 het 'n SA Boerperd span deelgeneem aan die *SA National Adult Showing Championships*. Ons is twee weke voor die kampioenskappe deur die organiseerders genooi om 'n SA Boerperd span vir die span kompetisies in te skryf. Die spanne is deur die dagbestuur op grond van vorige prestasies by SA Boerperd Kampioenskappe, sowel as SAEA gegradeerde skoue saamgestel en het bestaan uit:

1. ***Showing Team*** (ons het 2 spanne ingeskryf) met kwalifiserende klasse in *Show Riding, Show Hack* en *Show Hunter*.
   A Span: B3 Koraal /Linda Meintjies & Nicolene Scholtz / Mahashi Euro
   B Span: Lang-Carel Viceroy /Chané de Bruyn & Annalize Potgieter / Devondale Yahoo.

   Span A het 3de geplaas en Span B, 5de. Daar was 18 ruiters en perde.
   Linda Meintjies is aangewys as individuele ruiter met die hoogste punte in die klas.
2. ***Working Team*** (ons het een span ingeskryf) met kwalifiserende klasse in *Working Hunter* en *Working Riding*.
   Vasvat Geduld / Bridget Haddath en Calista Generaal / Riana Pretorius.

   Die span het 6de geplaas. Daar was 16 ruiters en perde.

Om in hierdie oop skou te kon deelneem, moes perde en ruiters reeds geregistreer gewees het by die SAEF soos vir gegradeerde oop skoue. Op grond daarvan, asook die deelname en prestasies van perd/ruiter kombinasies in SA Boerperd Kampioenskappe, is die spanne dan gekies. Slegs senior Universele perde (5 jaar en ouer) het in aanmerking gekom hiervoor. Al die perde wat ingesluit is in die span, sowel as hulle ruiters, het ook gedurende die jaar aan oop gegradeerde skoue deelgeneem. ŉ Span bestaan uit die volgende tipes perde, een van elk en moet voor die spankompetisie reeds in hierdie klasse deelneem:

*SHOWING: Show Riding Horse; Show Hunter/Show Hack.*
*WORKING: Working Riding; Working Hunter.*

Ons deelname aan die SA Nasionale Oop Skou Kampioenskappe het aan ons SA Boerperd as ras die geleentheid gegee om op dieselfde vlak as onder meer Volbloed perde, asook die Warmbloede te kon kompeteer, soos by HOY, maar op nasionale vlak. Deur deelname aan gegradeerde skoue, kom enige perderas ook in aanmerking vir die verkiesing tot ŉ oop provinsiale span. Die seleksie vir oop provinsiale spanne vind plaas primêr op grond van graderingspunte wat deur die jaar bymekaar gemaak is tydens *gegradeerde* skoue.

My visie is dat ons reeds vanaf die begin van 2015 al sal begin skakel met die *SA Showing Association* as sub-komitee van die SAEF om in die toekoms (einde 2015) spanne te kan inskryf vir die nasionale Volwasse Kampioenskappe, asook die Junior- en Kinder-kampioenskappe. Dit sal egter vereis dat ons ŉ beduidende aantal ruiters en perde het wat by die SAEF geregistreer is en deur die jaar gegradeerde skoue ry. Dieselfde beginsels geld natuurlik ook vir ander dissiplines soos bv. dresseer, skou-spring en *eventing*.

**REGULERENDE STELSELS, ADMINISTRASIE & SKOU-REëLS**
Omdat ons ŉ dinamiese ras is, word daar voortdurend gekyk na groeipunte in die ras, asook wat die behoeftes van ons ruiters is. Dit is ons plig as bestuur ons sulke sake te ondersoek en uit te lig. Ons skoue word baie lank en elke meningsopname eindig in ŉ getwis en verkeerde vertolking van die bedoeling daaragter.

Die bestaande skou-reëls behoort op ŉ gereelde basis aangepas te word om tred te hou met ons lede se behoeftes, asook om grys areas uit te klaar. Mnr. Langenhoven het dit dan ook gereeld so op die web geplaas sodat lede dit kon sien en insette lewer. Baie min terugvoer is ontvang. Reëls wat in die verlede nie so nougeset gevolg is nie, behoort geïmplementeer te word. Op hierdie wyse kan ons almal binne dieselfde grense skou en dieselfde stel reëls geld vir almal. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Universele perde, met die enkele uitsonderings, SAEA skou-reëls volg.

**KWALITEITSBEHEER**
Die portefeulje is beman deur Jan van der Wath. ŉ Mens kan maar sê hy hou ŉ oog oor alles en laat almal gereeld onthou waar ons vandaan kom. Oom Jan se flink oog en fyn waarneming sien ook dadelik as daar enige onakkurate inligting oor die SA Boerperd gepubliseer word. Baie dankie daarvoor, Oom Jan.

**REKLAME & BEMARKING**
Baie dankie aan David de Wet vir die ontwerp en samestelling van 2013 se kalender. Die produksie van die kalender word egter jaarliks duurder en daar was in 2009 laas wins gemaak uit hierdie projek. Ons sal dalk in die toekoms ander opsies daarvoor moet oorweeg bv. ŉ elektroniese kalender wat van die web-blad afgelaai kan word op slim-fone en/of rekenaars.

**MERIETE- EN EREKLEURE**
Baie geluk aan al die ruiters en perde wat ontvangers is erekleure en/of merietes. Vertoon dit met trots. Baie dankie aan Me. Pope vir haar ure se harde werk om die berekenings te doen. Met behulp van ons nuwe rekenaarprogram sal dit hopelik ook in die toekoms heelwat makliker wees.

**SKAKELING, DIENSLEWERING, NUWE LEDE & VEILINGS**
Die portefeulje is met groot sukses soos in 2013 beman deur Lomon Terreblanche. In sy skakeling met ons nuwe lede, het hy hulle met raad en daad wat slegs uit jare se sondervinding spruit, baie simpatiek bygestaan. Baie

dankie vir jou waardevolle bydraes, Lomon. Volgens statistieke oor die laaste 5 jaar, is daar is ŉ tendens dat die ledetal van die genootskap konstant afneem, maar aan die anderkant is daar nou ook ŉ neiging dat daar meer ruiters is wat by stoete inskakel. Dit word egter nie weerspieël in skou-getalle nie.

**JEUG-AKSIE & JEUGRAAD**

Die Jeug-Aksie en Jeugraad het gegroei vanuit die eerste inisiatief van Mnr. Burger en Me. Whitehead om ŉ SA Boerperd Ruiterkuns span in 2012 teen ŉ span van die *Morgan Horse Society* te laat kompeteer. Vandaar is die eerste Jeugraad gekies. Sedertdien was dit nie moontlik om weer so ŉ span saam te stel nie, maar die Jeug-Aksie het steeds oor die afgelope 3 jaar gegroei. Daar is tans ŉ nuwe Jeug-Beleid in plek, asook ŉ Jeugraad wat verantwoordelik gehou word om sosiaal-opvoedkundige Jeugaktiwiteite te stimuleer. Baie dankie aan almal wat moeite gedoen het met die jeug by elke streekkampioenskap, asook by SANESA en ander skoue. Die Jeugraad sal op die web-blad aangekondig word en laat ruimte vir elke provinsie om ŉ addisionele lid te koöpteer sodat ruiters wat dalk nie tydens die SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe daar kon wees nie, steeds nog in hulle provinsie verkies kan word. Slegs onder 19 ruiters kan gekies word.

**KANTOOR**

Alle korrespondensie en administrasie loop deur ons SA Boerperd kantoor by SA Stamboek wat beman word deur Elize Prinsloo. Elize vat raak en is altyd op haar pos. Dikwels moet sy moeilike situasies hanteer waar mense haar aanval waar sy net haar werk doen. Daarom wil ek haar uit my hart bedank vir haar harde werk en lojaliteit die afgelope jaar en meer.

**TEN SLOTTE**

In my twee jaar as president van hierdie merkwaardige genootskap, kan ek met ŉ oop gemoed sê dat daar orals deursigtige bestuur toegepas is, hoewel ek soms van juis die teenoorgestelde beskuldig is. My integriteit is in twyfel getrek omdat ek my huis oopgestel het aan Raadslede om onkostes vir Raadsvergaderings te verminder. Dit was egter nooit my doel om gewild te wees nie – eerder om die sake wat ons ras raak na die beste van my vermoeë te bestuur. Baie dankie aan almal wat in my geglo het en my die geleentheid gegee het om ŉ bydrae te kon lewer. Ek wens die volgende bestuur alle sterkte toe. Mag elke lid van die SA Boerperd Telersgenootskap sy/haar persoonlike griewe opsy skuif en in die toekoms wel-deurdagte besluite neem wat ***dié perd van die RSA*** tot eer sal strek.

Piet Grové
President 2013/14